# POTCHEFSTROOM EN DIE EERSTE VRYHEIDSOORLOG 1880/81

*Professor D.J.P. Haasbroek*
*Universiteit van Zoeloeland*

Die Eerste Vryheidsoorlog het op 16 Desember 1880 op Potchefstroom begin, maar toe die skote begin val, het albei kante heftig ontken dat hulle eerste geskiet het. Hierdie onwilligheid om mekaar vas te vat, was reeds duidelik toe Theophilus Shepstone van Natal met sy vyf-en-twintig polisiemanne Transvaal op 12 April 1877 sonder stamp of stoot geannekseer het. Toe wou president T.F. Burgers en sy Uitvoerende Raad die Transvalers wat na die wapens gegryp het, nie toelaat om geweld te gebruik nie. Die anneksasie is daarna slegs onder protes aanvaar en die burgers is gemaan om kalm te bly. Stel jou voor dat die Republiek van Suid-Afrika deur die VSA geannekseer word en dat ons president en kabinet die anneksasie slegs onder protes aanvaar! Sulke lamlendigheid sou nooit geduld word nie, tensy daar buitengewone redes vir so 'n optrede bestaan. Tog het Transvalers dit so aanvaar en daarna tot 16 Desember 1880 gesloer en geskarrel voordat die Britte met geweld verwyder is.

## 'N SOEKE NA EENHEID?

Terwyl daar gepoog is om die openbare mening teen anneksasie op te sweep, het die Transvalers drie wonderlike geleenthede gehad om die Britte te verdryf, maar dit nie benut nie. Daardie geleenthede was die Negende Grensoorlog van 1877/78, die Zoeloe-oorlog van Januarie tot Julie 1879, en die Bapedi-oorlog aan die einde van 1879. Desnieteenstaande het Transvaalse leiers, ten spyte van volksvergaderings, gehuiwer om geweld te gebruik. Dit was eers drie jaar en agt maande na die anneksasie wat gebeurtenisse, meer bepaald in die distrik Potchefstroom, tot gewapende optrede gelei het. Toe was daar talle Britse garnisoene in verskeie dorpe om mee rekening te hou, nie slegs vyf-en-twintig man nie.

Dit wil lyk of daar, ten spyte van politieke verwarring ten tyde van die anneksasie, openbare vergaderings, versoekskrifte en deputasies na Brittanje, 'n ander rede vir die getalm was. Die onwilligheid om in beweging te kom, was miskien toe te skryf aan 'n begeerte vir 'n verenigde Suid-Afrika. So 'n vereniging is bv. deur president J.H. Brand van die Vrystaat net so vurig begeer as deur S.J. du Toit van die Afrikanerbond, wat 'n verenigde Suid-Afrika onder eie vlag gepropageer het. Miskien is dit daarom dat Potchefstroom eers werklik opstandig begin word het toe die Britte die federasieplan nie voltooi en boonop die anneksasievoorwaardes nie nagekom het nie.

'n Verdere motivering vir hulle traagheid kan gevind word by die politieke klimaat van die Kaapkolonie, want Transvaalse leiers was van tyd tot tyd in aanraking met Afrikanerleiers daar. Transvalers het dalk gekyk hoe die politieke wind in die suide waai voordat hulle drasties optree. Samewerking met die suide was nie ongewoon nie, maar op daardie tydstip word Afrikanernasionalisme 'n politieke faktor in die Kaapkolonie. Omdat nasionalisme nog in wording was, verklaar dit die aanvanklike stadige optrede in Transvaal.

Afrikanernasionalisme spruit uit griewe wat ontstaan het weens die stryd om politieke leierskap in die Kaapkolonie vanaf 1850, anglisasie en gebiedsuitbreiding. Dit is op daardie drie vlakke wat wrywing ontstaan en uiteindelik die stukrag agter die oorlog geword het. Verder lyk dit of daar eers helderheid verkry moes word omtrent Engelse en Afrikaneroogmerke ten opsigte van 'n verenigde Suid-Afrika. Die vorm wat vereniging sou aanneem, was nie duidelik nie. Hoe sou Afrikaners byvoorbeeld van die Britte ontslae raak? Federasie was na die vyftigerjare baie duideliker omlyn en dan was die republieke vir die Britse Setlaars skynbaar 'n geringe probleem.

## DIE FEDERALE GEDAGTE

Federasie het sy beslag gekry tydens die stryd om politieke leierskap en gebiedsuitbreiding wat reeds by die "neutrale gebied" van lord Charles Somerset begin het. Daarna ontstaan verskille tussen Boere en Setlaars oor die anneksasie van die Province of Queen Adelaide en die verdragstatestelsel. Maar vanaf 1842 het Britte met die anneksasie van Natal met mening op die Voortrekkers se tone begin trap. Dit lei tot die slag by Congella in 1842, die anneksasie van die Oranjerivier-Soewereiniteit en die slag by Boomplaats in 1848. Die tydelike suksesse van die konvensies van 1852 en 1854 het die griewe miskien bygelê, maar die Britse anneksasie van Basoetoland, die Diamantvelde en Transvaal het die wonde weer oopgekrap. En tog vind die anneksasie van Transvaal sonder noemenswaardige teenstand plaas. Was die vernaamste rede dalk 'n algemene begeerte vir vereniging?

## ANDER VERDELENDE FAKTORE

Ander sake wat die skeidslyn tussen Boer en Brit getrek het, was die nimmereindigende agitasie om verskansings en politieke leierskap sedert 1850. Vir Afrikaners wat lojale Britse onderdane was, was die gepaardgaande beledigings baie ergerlik. Dit word miskien die beste vertolk deur die eerlike, fyn besnaarde, gespanne Andries Stockenström met sy haastige humeur en skerp tong. Hy was sedert die verdragstatestelsel wat so 'n groot invloed op die Nie-Blanke-beleid van die Voortrekkers gehad het, die skyf van Setlaaraanvalle, want hy het hulle anneksasiebeleid veroordeel en teengestaan. Dus verdink hy hulle dat sy opstal deur hulle toedoen tydens die Oorlog van die Byl (1845/47) afgebrand is. Toe die Setlaars gedurende 1850/54 sukkel om beter verskansings te verkry, is Stockenström geblameer vir die anti-Engelse gevoel, die uitbreek van die Agste Grensoorlog en die Katrivierrebellie. Gevolglik gee hy tydens 'n openbare vergadering in Kaapstad sy afkeer daarvan te kenne:

"the scum who propagate the vile trash are the mere tools of higher quarters, where cowardice, jealousy and

malignity conspire in the hope of paralysing my efforts. We had the honour, I say emphatically, the honour, of being made targets for the vulgar ribaldry of the most dispicable faction that ever disgraced this or any other community — civilized, barbarian or savage ... Yet, with these views, they exert every species of ingenuity to set the various classes of the community at loggerheads, so that they may themselves be able to fish in troubled waters — to represent the great body of this population to the British nation and to the world as rebellious and fit only to be ruled with a rod of iron, or, what is worse, by a privileged clique. The hour has come when it must be decided whether we are to be ruled as a free people under a constitutional system, or as Russian serfs under a pure despotism, or, what is worse, a tyranny under the mask of mock checks."[1]

Indien 'n mens sou dink dat Stockenström 'n bietjie te ver gegaan het en die Boere se gevoelens nie behoorlik vertolk het nie, kan die mening van die redakteur van *De Zuid Afrikaan* bygehaal word. Hy verwys na daardie Boerehater, John Montagu, die koloniale sekretaris, wat alles in sy vermoë gedoen het om Afrikaners verdag te maak in Brittanje ten einde meer verskansings in die grondwet vir die Engelse minderheid te verkry:

"If Montagu's qualities consist in an adroitness at twisting and torturing of facts and in misrepresentation ... then he defies comparison."[2]

Die beledigings het nie in 1853 opgehou nie maar voortgeduur tydens die federasie- en afskeidsbeweging, die stryd teen verantwoordelike bestuur (1854-1872) en die Seven Circles Act (1873/74). In 1872 is 'n haatveldtog teen P.E. de Roubaix van die wetgewende raad gevoer omdat hy dit durf waag het om vir verantwoordelike bestuur te stem, hoewel hy die vorige jaar daarteen gekant was. Hulle hatigheid het vir hulle gegaan om "a struggle of life and death, especially because of the preponderance of natives in the colony".[3]

Wat die Seven Circles Act betref, het die *Eastern Province Herald* sy lesers verseker dat "we are separated not alone by bad roads and bridgeless rivers, by lofty mountains and by long and weary distances, but by what is more important — by differences of blood and language; by diversity of interests and modes of thought ... In the one Province the Dutch preponderate, in the other the English ... 'their ways are not as our ways', there is no deep community of feeling between us ... No Seven Circles Bill, nor seventy Seven Circles Bills, will annihilate it ...".[4]

As gevolg van die agitasie teen verantwoordelike bestuur en die Seven Circles Act het lord Carnarvon sy agent, James Anthony Froude, na die Kaap gestuur om die wenslikheid van federasie in plaas van afskeiding te ondersoek. Daardie tussenkoms het die politieke verdeling tussen oos en wes wat John Molteno met die Seven Circles Act te bowe sou kom, opnuut aangeblaas. Verder het John Molteno federasie, net soos afskeiding, as 'n verdelende faktor gesien wat die rassevraagstuk nie kon oplos nie. Soos Molteno voorsien het, het Carnarvon se federasieskema onderlinge verhoudings sodanig vertroebel, dat dit van die einde van 1878 tot 'n geleidelike vervreemding tussen Afrikaners en Engelse gelei het wat die Transvaalse situasie beïnvloed het.

Maar wat het die Kaapse stryd met Transvaal te doen? Die onsmaaklike stryd daar kon met redelike gemak in Potchefstroom se Agricultural Hotel, een van vier hotelle in die dorp, gevolg word. 'n Plek waar "all classes can drink of the refreshing spring of literature"[5] is in 1867 in die hotel ingerig deur die redakteur van die *Transvaal Argus* wat gesorg het vir omtrent veertig koerante en ander tydskrifte. Daar is die menings van die delwers van Pelgrimsrus ook gelees oor "slavery and threatening" swart oorloë ten einde Brittanje te beweeg om Transvaal met die res van Suid-Afrika te federeer. Transvaalse burgers kon nie pleit dat hulle onkundig was oor die politieke stryd wat teen die Afrikaners gevoer is nie.

Die nuwe aanslag het nie lank na die Diamantveld-kwessie en die Keate-uitspraak gevolg nie, en tog het die Transvalers gehuiwer om drasties op te tree. Dit lyk of onsekerheid oor federasie in die Kaapkolonie sy invloed ook in Transvaal gehad het.

## VERENGELSING EN AFRIKANERNASIONALISME

Verengelsing het verhoudings tussen Boer en Brit geleidelik sodanig versuur dat dit uitgeloop het op die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners in 1875. Anglisasiepogings het vanaf 1857 heftiger geword toe selfs F.W. Reitz, lid van die Kaapse wetgewende raad, hom beywer het vir Engels in die kerk. Hoewel selfs die redakteur van *De Zuid Afrikaan*[6] geskryf het dat die nasionale gevoel van Hollandse Afrikaners aan die kwyn, is het Christoffel Brand, die eerste speaker van die parlement, die beweging sterk teengestaan. Sy optrede het onmiddellik groot indruk gemaak op ds. Dirk van der Hoff in Potchefstroom wat dit voortaan gebruik het as rede vir sy afskeiding van die Kaapse sinode.[7] Maar die man wat daadwerklik opgetree het om "Hollandse" Afrikaners teen verengelsing te beskerm, was ds. G.W.A. van der Lingen van die Paarl. Hierdie vriend van die Voortrekkers, wat deur Andries Pretorius as 'n "waare Afrekaan" bestempel is, het lank genoeg geleef om die grondslag in die Paarl te help lê van die "Hollandse" Afrikaners se taal- en volksbewustheid. Uit daardie dorp kom S.J. du Toit, die eerste voorsitter van die Genootskap van Regte Afrikaners wat in 1875, dit wil sê in dieselfde jaar waarin lord Carnarvon die Setlaars se federasieplan daadwerklik steun, gestig is. Du Toit was 'n oud-leerling van die Gimnasium, 'n skool wat in Januarie 1858, pas na die taalkwessie van 1857, deur Van der Lingen geopen is om die Afrikaner teen verengelsing te beskerm.[8]

Du Toit was 'n groot voorstander van 'n verenigde Suid-Afrika, en die anneksasie van Transvaal slegs twee jaar na die stigting van die Genootskap was 'n groot skok vir hom en vir president Brand van die Vrystaat. Brand was egter bereid om in die anneksasie te berus en miskien was sodanige berusting aanvanklik ook deel van die Transvalers se houding.

## AFRIKANERS SLAAN 'N NUWE KOERS IN

Die genoemde gebeurtenisse het die Afrikaner se ontluikende nasionalisme oor 'n baie breër front as die Paarl geskok, want die volgende jaar slaan hulle 'n nuwe

1. *The Cape Town Mail*, 24.3.1851; *The Cape of Good Hope Observer*, 4.1.1851.
2. *De Zuid Afrikaan*, 17.3.1853.
3. *Cape House of Assembly*, 1871: Debates 2.6.1871.
4. *Eastern Province Herald*, 26.6.1874, 5.6.1875 en 29.6.1875.
5. *Transvaal Argus*, 11.4.1867.
6. *De Zuid Afrikaan*, 21.5.1857.
7. Argiefbewaarplek van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, Pretoria, S.P. Engelbrecht-versameling IV/9.
8. M.C. KITSHOFF, *Gottlieb Wilhelm Antony van der Lingen, Kaapse predikant uit die negentiende eeu* (Amsterdam, 1972), pp. 137-144.

koers in. Die nuwe koers is weg van die vroeëre samewerking met die konserwatiewe Setlaars en die Cape Liberals. Samewerking met laasgenoemde onder leiding van John Molteno dateer uit die jare 1849/50 tydens die anti-bandiete agitasie en die konstitusionele stryd van 1850/54 toe John Fairbairn die leidende figuur saam met Brand, Reitz en Stockenström was.[9]

Die politieke opponente van die groepie Cape Liberals wat vryslawe as bondgenote probeer kry het, was die konserwatiewe Setlaars wat teen gekleurde stemreg gekant was en eens op 'n tyd die vriende van die Voortrekkers was totdat hulle hul eie republiek onder eie vlag gestig het. Dit is hierdie Setlaars wat tydig en ontydig aangedring het op verskansings in die grondwet, afskeiding of federasie, en gebiedsuitbreiding. Hoewel hulle die Afrikaners as politieke opponente beskou het, het hulle nogtans probeer om steun by hulle te kry vir die afskeidings- of die federasiebeweging wat na 1850 sterk op die voorgrond gekom het as gevolg van die konstitusionele stryd. In die Kaapkolonie was daar selfs 'n klompie "ignorant Boers"[10] wat deur Meurant se Afrikaans gewerf is vir die afskeidingskonvensie van 1860/61. Dan was daar ook Afrikaners wat die Setlaars tot 1872 teen verantwoordelike bestuur gesteun het. Toe Carnarvon die Setlaars se saak vanaf 1874 opneem, het selfs 'n prominente politikus soos Jan Hofmeyr (Onze Jan) federasie tot 1878 gesteun. 'n Dekade later het hy weer met Rhodes saamgewerk tot die Jameson-inval die samewerking verongeluk het.

Dié soort samewerking kom ook in Transvaal voor, selfs na die anneksasie van die gebied. Daar was bv. die amptenare van Potchefstroom wat, soos in Pretoria, op een na, almal bereid was om die Engelse bewind te erken en te steun. Dit was eers na 1879 dat 'n byna algehele vervreemding in Transvaal intree. In die Kaapkolonie het vervreemding tussen die Setlaars en Hofmeyr gelei tot die stigting van Afrikanerpartye in 1878 en 1879. Daaroor was die *Cape Argus* wat vir 'n baie lang tyd Afrikanersteun teen Setlaars gehad het, so ontstig dat die redakteur vir Jan Hofmeyr en sy volgelinge beskryf as "reactionary, unintelligent, and the representatives of organized stupidity"[11]. Dié soort venyn het verder bygedra om die taalgroepe uitmekaar te dryf.

In dié vervreemding het die Negende Grensoorlog 'n belangrike rol gespeel. John Molteno se kabinet het weens daardie oorlog in Februarie 1878 tot 'n val gekom, en die Setlaars kom toe aan bewind onder Gordon Sprigg om federasie te bevorder. Hulle het federasie nie net ter wille van gebiedsuitbreiding gesteun nie, maar gehoop om plaaslike selfregering, in die vorm van 'n provinsiale raad, te verkry. Ongelukkig vir hulle het die uitgawes vir die oorlog die instrument geword wat die federasieplanne sou vernietig.[12] Sprigg se kabinet was genoodsaak om 'n aksynsbelasting te lê op die brandewyn van hulle ou westelike opponente onder John Molteno. Dit het egter nie net teenstanders van federasie in die harnas gejaag nie maar ook Jan Hofmeyr en sy aanhangers vervreem. Gevolglik stig Hofmeyr die Boerebeskermingsvereniging gedurende die tweede helfte van 1878 en die volgende jaar stig S.J. du Toit die Afrikanerbond wat sy volgelinge hoofsaaklik in die Middellande kry. Dit is die gebied wat so lank gebuk gegaan het onder die Setlaars se agitasie vir afskeiding of federasie. So kom die meeste Afrikaners in 1879 teen federasie én die Setlaars te staan.

## HOUDING TEENOOR ANNEKSASIE

Dit is opvallend dat die Transvalers eers in daardie jare duideliker koers teen anneksasie kry. Toe die Afrikaners besef dat die Setlaars se skema teen hulle gemik was, het Hofmeyr selfs vir Carnarvon en Froude verwyt dat hulle Kaapse Blankes belet het om die Blankes in Transvaal tydens die Sekhukhune-oorlog te help, hoewel hulle albei te kenne gegee het dat federasie bedoel was om Blankes teen Swartes te beskerm.[13] Om die anneksasie van Transvaal te regverdig, neem Carnarvon toe selfs die oorlog as verskoning. Die aap was uit die mou. Die klimaat vir botsing was reg en die gebeurtenisse op Potchefstroom wat hoofsaaklik gespruit het uit die anneksasievoorwaardes en selfbestuur verdien nou die aandag.

Weens die aard van die Setlaars se afskeidings- en federasiebeweging wat sedert 1850 die klem op plaaslike selfbeskikking laat val het, het Theophilus Shepstone belowe dat Transvaal "een afzonderlijk Regering blijven zal, met deszelfs eigen wetten en wetgewingen"[14]. Ten spyte van hierdie uitdruklike voorwaarde is die Volksraad nie byeengeroep om belastings te hef nie. Dit was 'n groot flater, maar dit het blykbaar saamgehang met die nuwe stryd om verskansings in die federale grondwet.

Hierdie stryd begin reeds op 24 April 1877 toe die kabinet van Molteno besluit dat "Natal's case was sufficiently strong to warrant special and separate provision being made for additional representation"[15]. Behalwe Afrikaners was daar vir die Setlaars ook nog "a struggle of life and death" vir sover dit die Swartes betref. Soos in Natal was Kaapse Setlaars gekant teen 'n Swart meerderheid, en Carnarvon se Permissive Federation Bill het slegs bepaal dat hulle verteenwoordig sou word "in such a manner as shall be deemed by Her Majesty to be without danger to the stability of the Government"[16]. Daardie bepaling was so vaag soos 'n mistige reënerige môre. Om die grondwet tot bevrediging van die Setlaars te voltooi, sou die wysheid van Salomo en baie tyd verg. Vertraging was dus onvermydelik, maar om die Volksraad nie byeen te roep nie, veral as die Kaapse konstitusionele stryd in gedagte gehou word, was 'n ernstige fout. Wantroue oor Britse motiewe vir die anneksasie het toegeneem en die federale strewe verswak.

Om teenstand teen federasie te voorkom, het president Burgers en die Uitvoerende Raad deur middel van agente pogings aangewend om Transvalers tot kalmte te maan. So het I.I. Hofmann byvoorbeeld op 10 April 1877 aan hom geskrywe dat die vergaderings wat hy in Gatsrand belê het, goed bygewoon is. Hy het weinig moeite ondervind "eenigen tot bedaring te brengen ... dat zij bij een verder stap door Sir Thiophilus geen wapens grijpen zal, maar de orders van de regering zal afwachten, en bepaalde hem aan de regering zal onderwerpen, want een daat van zelf handelen zoude regeringsloosheid daarstellen. Met dezen opheldering is de gemoederen allen tot bedaren

9. D.J.P. HAASBROEK, The origin of apartheid, *Historia* 16(1), Maart 1971, p. 13.
10. *The Graham's Town Journal*, 15.6.1861.
11. *The Cape Argus*, 30.10.1878.
12. D.J.P. HAASBROEK, Die federasiebeweging in Suid-Afrika, *Historia* 13(1), Maart 1968, p. 16.
13. A.J.H. VAN DER WALT, J.A. WIID en A.L. GEYER, *Geskiedenis van Suid-Afrika* (verwerk en bygewerk deur D.W. Krüger), (Kaapstad, 1965), p. 297.
14. M. HEYNS, *Om die vryheid van Transvaal, 1877-1881* (M.A.-verhandeling, U.P.), p. 29.
15. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad, Parliamentary papers vol. VIII: minute of the Executive Council, 24.4.1877.
16. *Ibid.*, Permissive Confederation Bill, p. 37.



*'n Potchefstroomse straattoneel gedurende die negentiende eeu.*
FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

gekomen"[17]. Hofmann het ook vyf byeenkomste vir Schoonspruit belê en sou die uitslag daarvan aan die president rapporteer.

Die stilswye van die Transvalers kan toegeskrywe word aan die houding van die regering, onsekerheid oor die politieke toekoms van die land, of steun vir federasie. 'n Mens moet nie die fout begaan om te dink dat die Transvaalse burgers eenparig teen federasie gekant was nie, want selfs die eerste deputasie wat in Mei 1877 na Brittanje vertrek het, was die gevolg van 'n besluit van Burgers se regering nog voor die anneksasie van 12 April plaasgevind het. Dit was nie die resultaat van 'n volksbeweging nie. Die houding van Potchefstroomse amptenare net soos dié van Pretoria werp lig op die algemene gesindheid van die bevolking. In antwoord op die proklamasie wat Shepstone op 12 April uitgevaardig het, het al die amptenare, van landdros M.A. Goetz tot die geringste onder hulle, die nuwe regering erken en was bereid om hom te dien. Selfs ds. Dirk van der Hoff het die regering aanvaar: "De ondergetekende sedert Mei 1853 predikant by den Nederduitsch hervormde gemeente alhier, geeft bij deze te kennen dat hij het thans alhier bestaande gouvernement erkent"[18]. Soos Paul Kruger in Pretoria, was daar net een persoon, naamlik veldkornet A.S. Pretorius van Gatsrand, wat sy veldkornetskap neergelê het omdat hy nie bereid was om Brittanje te aanvaar nie. Dus slaan 'n voorstander van federasie, F. Joubert, 'n slagter van Potchefstroom, vroeër van Natal, die bal nie ver mis nie as hy aan Shepstone soos volg skrywe: "I need not assure you of the extreme gratification I feel at living once more under British rule, and I assure you this feeling is experienced by most of the inhabitants of Potchefstroom as well as the farmers in the neighbourhood"[19].

Veranderde gesindhede teen federasie sedert April 1877 kan toegeskrywe word aan die politieke woelinge in die Kaapkolonie, die anneksasievoorwaardes en die invordering van belastings sonder die byeenroeping van die Volksraad.

## WOELINGE OOR BELASTINGS

Die Transvalers was blykbaar nooit juis gretig om belastings te betaal nie. Geld was skaars en markte vir hulle produkte was swak; dus het die amptenare, soos onder die vorige bewind, gou moeite ondervind om belastings in te vorder. Reeds op 26 April 1877 skrywe die landdros van Potchefstroom aan die regering om te verneem of geregtelike stappe teen oortreders gedoen moes word. Die regering was nie ten gunste van drastiese maatreëls nie en het die landdros versoek om taktvol op te tree, "and to do your best at first trying what can be done without legal measures"[20]. Die volgende jaar is hy weer opdrag gegee om op 'n taktvolle wyse voort te gaan. Belastings het eers teen die einde van 1879 'n geskilpunt geword toe advokaat Johannes van

17. Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria (TAB), S.S. 233: R. 1291/77 Brief d.d. Potchefstroom, 10.4.1877.
18. TAB, S.S. 235: R.1586/77 en R.1726/77 Brief d.d. 27.4.1877.
19. TAB, S.S. 234: R.1488 Brief d.d. Potchefstroom, 19.4.1877.
20. TAB, Landdros Potchefstroom, Band 7: Brief van Tesourier, 28.8.1877.

Eck geweier het om syne te betaal. In daardie stadium het die regering die hou van openbare vergaderings waar federasie en anneksasie bespreek is, lastig gevind. Daarom is proklamasies teen die hou van vergaderings uitgevaardig. Dit het nie gehelp nie. Talle vergaderings is na 7 Januarie 1878 gehou toe die eerste deputasie bestaande uit Kruger en Jorissen in Pretoria verslag gedoen het. Die tweede deputasie se verslagvergadering is op 10 Januarie 1879 te Wonderfontein, distrik Potchefstroom, gehou, en is deur meer as tweeduisend mense bygewoon. Al hierdie vergaderings was ordelik. Tydens die laaste een is Piet Joubert afgevaardig om sir Bartle Frere in Pietermaritzburg te gaan spreek. In daardie stadium was die Britte in diepe rou oor die lewensverliese by Isandhlwana. Hulle het selfs 'n beroep op Paul Kruger gedoen om hulle teen die Zoeloes te help. Ten spyte van die Britte se benarde posisie was Frere nie bereid om staatkundige vryheid aan Transvaal te gee nie — selfbestuur in sy plaaslike vorm was 'n ander saak. Die Boere het hierdie tweede botsing waarin Engelse betrokke was, nie benut om hulle eie onafhanklikheid met geweld te herower nie.

Voor Joubert op 4 Februarie terugkeer, was daar gerugte in Potchefstroom oor die insmokkeling van ammunisie, en op 1 Februarie is daar, miskien om die regering tot aksie te beweeg, selfs gepoog om by die magasyn in te breek.[21]

As teenmaatreël het die regering 'n wag aangestel om die gebou te bewaak en opdrag aan die veldkornette gegee om geen permitte vir ammunisie uit te reik nie. Dit is voorwaar geringe maatreëls in 'n land waar daar teen die einde van 1880 'n oorlog sou uitbreek. Daarna wou die regering weet watter veldkornette die vergadering van 10 Januarie bygewoon het sodat stappe teen hulle gedoen kon word. Verkope van ammunisie kon egter voortgaan op voorwaarde dat permitte uitgereik word deur "bevoegde" amptenare.[22] State van verkope moes dan deur handelaars by die regering ingedien word. Om seker te maak dat die staatsdiens nie in die hande van verraaiers is nie, is vrederegters en veldkornette op 16 Junie 1879 versoek om 'n eed van trou aan die koningin van Brittanje af te lê.[23] Indien hulle sou weier om die eed af te lê, moes die landdros dit aan die regering rapporteer en terselfdertyd plaasvervangers aanbeveel. Tot in daardie stadium het slegs enkele veldkornette geweier om die eed af te lê. Eers twee jaar en drie maande na die anneksasie is daar dus geringe tekens dat weerstand aan die opbou is onder amptenare. Drie maande na die eedaflegging tree 'n interessante houding teen die betaling van belastings in toe die landdros verplig word om dagvaardings aan belastingbetalers te bestel. Tot 12 Oktober 1879 het almal wat gedagvaar is, hulle belastings betaal behalwe C.M. Douthwaite en advokaat Johannes van Eck. Douthwaite het nie voor die hof verskyn nie, terwyl Van Eck geweier het om belasting te betaal, omdat hy die regering as onwettig beskou en onbevoeg geag het om volgens die bepalings van die grondwet belastings te hef of in te samel. Die grondwet het van krag gebly volgens die bepalings van die anneksasieproklamasie.[24]

Sover bekend, was hierdie advokaat die eerste persoon wat op regsgrond geweier het om belasting te betaal. Ses weke later, op 25 November 1879, het advokaat Fred Kleijn om soortgelyke redes geweier om sy belastings te betaal. Dit lyk of Van Eck se houding groot invloed op die Transvalers gehad het, want op 10 November, omtrent 'n maand na sy saak verhoor is, het bykans 400 boere teen die betaling van belastings geprotesteer.[25] Op 10 Desember 1879 sou al die inwoners van wyk Vaalrivier gewapend gaan na 'n vergadering. Die gebruik van wapens hou blykbaar verband met die arrestasie van M.W. Pretorius en W.E. Bok, lede van die Volkskomitee wat deur sir Garnet Wolseley gearresteer is. Hy was na sy terugkeer as oorwinnaar teen die Bapedi-hoofman ontevrede oor vergaderings wat ondanks sy verbod tog plaasgevind het. Sy optrede het byna tot 'n gewapende botsing gelei, maar is deur die tussenkoms van Kruger en Pretorius voorkom. Hulle optrede is 'n voortsetting van die paaibeleid sedert die anneksasie. Die optrede teen die Bapedi was die derde geleentheid wat die Boere gehad het om geweld te gebruik, wat nie deur hulle benut is nie.

Ten spyte van dié voorval het die landdros, 'n man sonder enige sweem van politieke insig, hom nie laat afskrik nie maar olie op die vuur gegooi toe hy alle belastingaanslae vir die distrik uitgestuur het sonder oorlegpleging met die regering in Pretoria. Soos verwag kan word, het die mense van Gatsrand eerste gereageer en hulle geld aan die bode van die hof gegee op voorwaarde dat hy op die kwitansie meld dat dit onder protes betaal word.[26] Die bode het geskrik vir hierdie eise — daarom het die regering die landdros gelas om geen belastings op daardie voorwaarde te ontvang nie. Etlike maande later het dertig persone onder leiding van P.L. Bezuidenhout hulle belastings op 7 April 1880 ook onder protes aangebied, maar die landdros het volstrek geweier om dit op daardie voorwaarde te aanvaar.[27]

Daar was stilte in die distrik tot 22 Julie toe 'n groep gewapende persone onder leiding van P.L. Bezuidenhout vir Kruger en dr. Jorissen deur die grondstrate van Potchefstroom tot by die huis van Piet Pretorius begelei het om verslag te doen oor hulle besoek aan die Kaapkolonie waar die parlement federasie afgekeur het soos tydens die stryd om verteenwoordigende bestuur in 1871/72. Teen die verwagtings van die landdros in, het almal wat die verslagvergadering bygewoon het, weer rustig uiteengegaan.[28]

Dit was eers in September dat sake weer in beroering gekom het. Bezuidenhout se belastings is op 10 September deur die hof behandel en advokaat Johannes van Eck het hom verdedig. Bezuidenhout is vir £27.5.0 gedagvaar maar Van Eck het die bedrag betwis. Volgens hom het die wette van die Zuid-Afrikaansche Republiek van krag gebly en daarvolgens is die beskuldigde vir 'n te hoë bedrag aangeslaan. Die saak is twee weke lank tot 24 September 1880 uitgestel.[29] Dit het gelyk of die regering toe eers botsings verwag het. Die landdros word gevolglik meegedeel dat die regering bereid sou wees "to support your authority by sending you some men of the mounted infantry"[30]. Of die manskappe voor die verhoor opgedaag het, is nie duidelik nie. Op die bestemde dag is die saak weer verhoor en Bezuidenhout

21. TAB, S.S. 326: R.344/79 Briewe d.d. 1.2.1878 en 3.2.1879.
22. TAB, S.S. 275: R.1111/78 Brief d.d. Potchefstroom, 10.4.1878, en S.S. 279: R.1464/78: Brief d.d. Potchefstroom, 9.5.1878.
23. TAB, Landdros Potchefstroom: Sirkulêre d.d. Pretoria, 16.6.1879.
24. TAB, S.S. 369: R.3759/79 Brief van landdros, Potchefstroom, 13.10.1879, en S.S. 314: R.4144/78 Brief d.d. Potchefstroom, 9.5.1878.
25. TAB, S.S. 378: R.4511/79 Brief van landdros, Potchefstroom, 10.11.1879.
26. TAB, S.S. 377: R.4481/79 Brief d.d. Potchefstroom, 30.12.1879.
27. TAB, S.S. 387: R.176/80 Brief d.d. Potchefstroom, 8.4.1880.
28. TAB, S.S. 444: R.3100/80 Brief d.d. Potchefstroom, 22.7.1880.
29. TAB, S.S. 492: R.5296/80 Verslag van die hofsaak, d.d. 10.9.1880.
30. TAB, S.S. 495: R.5427/80 Briewe d.d. 11.9.1880 en 19.9.1880.

se pleidooi het geslaag.[31] Hoewel hy minder sou betaal, moes hy die koste van die geding self dra. Die verminderde bedrag is nie dadelik betaal nie en die redes word later duidelik as die landdros op sy wa beslag lê.

Na die hofsaak het 'n paar dae verloop voordat die landdros berig ontvang het dat 'n aantal burgers van Schoonspruit hulle belastings op 7 Oktober 1880 onder protes sou kom betaal. Op daardie dag het 130 burgers onder leiding van kommandant Pieter Arnoldus Cronjé opgedaag en aangebied om hulle belastings onder protes te vereffen op voorwaarde dat die geld gebêre word totdat 'n wettige regering dit opeis. Indien die landdros weier, "dan verklaren wij, protesterende burgers der Wijk Schoonspruit, van het Distrikt Potchefstroom, Zuid-Afrikaansche Republiek, dat wij alleen voor geweld zullen buigen, indien ons zulk een gruwel verder door U of uwe handlangers moge worden aangedaan"[32]. Dit is duidelike taal. Daarna is Cronjé terug na Schoonspruit waar hy heelwat later deur Paul Kruger en George Hudson, die koloniale sekretaris van Transvaal, besoek is. Daar het Kruger vir Hudson vertel dat dit nie meer gaan om die regering en die belastingbetalers nie, maar dat dit voortaan 'n saak tussen die Z.A. Republiek en Brittanje is.

Die regering het teen daardie tyd so opgeskeep gesit met die belastings wat die burgers bereid was om onder protes te betaal, dat die administrateur, sir Owen Lanyon, die landdros versoek het om die belastings maar te aanvaar "so long as we get the money without compromising ourselves, it matters little or nothing how it is paid"[33]. Die landdros het belowe dat hy daarvolgens sou handel maar dat hy in die Schoonspruit-geval nie anders kon as om die belastings te weier nie, want hulle skriftelike voorwaardes het hom geen uitweg gelaat nie. Die kragdadige landdros het derhalwe besluit om die onwillige Schoonspruiters te dagvaar en drasties teen hulle op te tree. Dié stap het die regering laat huiwer en hy is aangeraai om liewer individuele gevalle oor die hele distrik aan te skryf ten einde massa-betogings te verhoed. Die wenk is opgevolg maar die Schoonspruiters het nie op die dagvaardings gereageer en ook nie voor die hof verskyn nie.[34]

## MOLESTE MET 'N WA

Daar was nog net een insident nodig om die kruitvat aan die brand te steek. Hierdie voorval is deur die landdros veroorsaak toe hy vir P.L. Bezuidenhout wou laat verstaan waar Dawid die wortels gegrawe het. Die balju, E. Moquette, is opdrag gegee om beslag te lê op Bezuidenhout se wa sodat dit op 11 November verkoop kon word. Deur so 'n optrede sou hy ook 'n hou inkry teen Van Eck, Cronjé en ander halsstarriges. Bezuidenhout se wa sou na die drosdy gebring word vir 'n openbare verkoping.

Voordat die wa verkoop is, het omtrent 'n honderd burgers van Schoonspruit en Mooirivier, asook baie nuuskieriges, voor die drosdy bymekaar gekom om te sien hoe die vonke spat. Toe die skare mooi gereed was, het Bezuidenhout manhaftig op sy wa geklim en verduidelik dat hy £27.5.0 aan die regering moes betaal, maar dat hy bereid was om slegs die helfte te betaal. Die hof het hom en sy advokaat gelyk gegee maar toe moes hy saam met die hofonkoste £20 betaal. So is sout in die wond gevryf, en wou hy van die skare weet wie vir daardie bedrag verantwoordelik was, hy of die regering. Hy was nie bereid om te betaal nie en die balju is na sy huis gestuur om op sy wa beslag te lê. Dit het hom dwars in die krop gesteek, want die beslaglegging sou sy siek vrou ontstel. As protes "stoot" hy Moquette van sy plaas af. Vir daardie "stoot" is hy deur die landdros 'n boete van £7.10.0 of veertien dae tronkstraf opgelê. Wat te erg is, is te erg, het hy gemeen, en verkies om tronk toe te gaan.[35]

Sy vriende het hom die vernedering gespaar deur die boete te betaal, en hy is vrygelaat. Intussen het die balju egter op sy wa beslag gelê — ten spyte van sy siek vrou — en dit na die drosdy gebring. Dit was duidelik wáár die skare se meegevoel gelê het.

Piet Cronjé het die skare reguit vertel dat hulle gekom het om die onregverdige verkoop van die wa ten ene male te belet. Die persoon wat dit waag om te koop, sou die gevolge daarvan moes dra. Vir hom het die fout by die landdros gelê wat nie bereid was om die betaling van belastings onder protes te aanvaar nie. Na die verduideliking het ander sprekers gewaasku dat hulle die Engelse regering en die landdros nie langer sou toelaat om hulle te vertrap nie.

Moquette wou sy pligte terstond uitvoer en klim gedetermineerd op die wa. Daarmee het hy te ver gegaan. Die skare wat die strekking van die dispuut goed begryp het, wou hom nie toelaat om die wa te verkoop nie. Drie burgers ruk hom dus vinniger af as wat hy opgeklim het. Moquette laat hom nie van stryk bring nie en probeer weer. Sy poging word egter net so spoedig verydel. Toe gryp 'n aantal burgers die wa en trek dit weg. Die voortvarende landdros, R. Impey, die openbare aanklaer, die balju en 'n aantal konstabels probeer hulle verhinder.[36] Tevergeefs.

Veertig perderuiters het die wa onder beskerming geneem en tot in Kerkstraat vergesel. (Dié straat loop van noord na suid deur die dorp met erwe weerskante daarvan. Anderkant Wasgoedspruit meer heelwat duskant Noordbrug staan die woning van die staatspresident, M.W. Pretorius. Dit het baie klagtes en baie jare geneem voordat die straat wat gewoonlik baie stowwerig en in reëntye vol modderplaase is, gegruis is.) Daar het 'n span osse gewag om dit verder te trek. Terwyl die wa deur die straat met sy paar wilgerbome en sakegeboutjies beweeg het, het die ruiters gedreig om te skiet, want, het hulle besluit: "Geen Engelschman langer baas"[37].

## TROEPEBEWEGINGE

Die landdros het besef dat die wa-insident openlike rebellie was en het aan die regering geskryf om hulp ten einde die goeie orde en vrede te bewaar. Verder het hy dit raadsaam geag om alle permitte vir ammunisie te weier totdat die regering hom besliste opdrag gee. Die koloniale sekretaris van Transvaal was van mening dat die saak darem nie so ernstig is nie en dat die burgers "any amount of ammunition" kon kry as hulle dit wou hê.[38] Die Administrateur het egter besef dat die landdros steun nodig het, en kaptein P. Raaff vervolgens as veldkornet na Potchefstroom gestuur om die bode van die hof te vergesel wanneer hy dagvaardings en kennisgewings aan persone uitreik. Verder is majoor

31. TAB, S.S. 492: R.5296/80 Verslag van die hofsaak, d.d. 24.9.1880.
32. TAB, S.S. 387: R.176/80 Memorie d.d. 7.10.1880.
33. TAB, S.S. 387: R.176/80 Brief d.d. 7.10.1880. Nota op dieselfde brief d.d. Pretoria, 9.10.1880.
34. TAB, S.S. 479: R.4515/80 Brief d.d. Potchefstroom, 21.10.1880, en S.S. 481: R.4618/80 Brief d.d. Potchefstroom, 6.11.1880.
35. TAB, S.S. 492: R.5296/80; *De Volksstem*, 20.11.1880.
36. *De Volksstem*, 16.11.1880.
37. *Ibid.*
38. TAB, S.S. 387, R.177/80: Brief d.d. 24.11.1880.

M.J. Clarke tot spesiale kommissaris benoem ten einde die landdros van raad te dien. Die landdros moes ook gereeld rapport doen aan Clarke oor alle belangrike gebeurtenisse in die distrik.

Behalwe hierdie twee offisiere is besluit om 'n militêre mag na Potchefstroom te stuur en die landdros te magtig om 'n aantal spesiale konstabels aan te stel om hom behulpsaam te wees. Die landdros is gemaan om versigtig op te tree "while you will be careful to avoid all causes of unnecessary irritation and the employment of force unless absolutely required"[39].

Op sy beurt het die landdros sewe-en-twintig dagvaardings aan die bode van die hof oorhandig en beëdigde verklarings aan die prokureur-generaal oor die Bezuidenhout-insident gestuur, sodat geregtelike stappe teen die oortreders gedoen kon word. Weens die "spirit of defiance"[40] het die landdros geglo dat tensy die opstand dadelik onderdruk word, dit baie ernstige gevolge kon hê. Dus het hy bevele uitgereik om die sprekers wat op 11 November 1880 opgetree het, te arresteer. Kaptein Raaff, vergesel van vier spesiale konstabels, is opdrag gegee om C. Coetzee en J. Basson, wat die skare ook toegespreek het, te arresteer. Maar die huis is deur twee-en-vyftig burgers bewaak en daarom het hy hulle probeer oorreed om vrywilliglik oor te gee. Sy versoek het op dowe ore geval. Hulle het slegs belowe om hom op 20 November te ontmoet, wanneer Piet Cronjé teenwoordig sou wees. Kaptein Raaff is meegedeel dat driehonderd berede burgers gereed was om die rebelleleiers te beskerm indien hulle gearresteer word. Raaff het onverrigter sake teruggekeer.[41]

Op 18 November 1880 het afdelings troepe uit Pretoria en Rustenburg op Potchefstroom aangekom en hulle kamp opgeslaan naby die magasyn, 'n eenvoudige vierkantige geboutjie van sandklip wat so hier en daar gepleister is om die messelklei teen verwering te beskerm. Aan kaptein Raaff is verlof gegee deur majoor C. Thornhill van die nuwe troepe, om nie 'n honderd berede manskappe nie, maar slegs 'n klompie spesiale konstabels in diens te neem om hom te help met die arrestasie van Boereleiers. Hulle sou hom ook help met die verkryging van behoorlike inligting oor Boereplanne.

Ses dae later het ongeveer vierhonderd gewapende burgers op Piet Cronjé se plaas byeengekom. Daar is besluit om nie drasties op te tree nie, maar om te wag tot hulle vergadering wat vir 8 Januarie 1881 belê is. Paul Kruger het Piet Joubert na Potchefstroom ontbied, en toe besluit om 'n Volkskomiteevergadering vir 1 Desember op Kaalfontein te belê. Daar is besluit om die vergadering van 8 Januarie na 8 Desember te vervroeg. Om hierdie rede het sir Owen Lanyon op 6 Desember 'n proklamasie uitgevaardig om die vergadering te belet. Dit het nogtans plaasgevind en is deur byna vyfduisend Boere bygewoon. Op 13 Desember het die Volksraad vergader asof dit nog altyd die hoogste wetgewende gesag is, en die landsbestuur opgedra aan 'n driemanskap: Paul Kruger, M.W. Pretorius en P.J. Joubert. Die Z.A. Republiek is op 13 Desember 1880 herstel. Kommandant Piet Cronjé wat reeds lankal by die gebeurtenisse in die distrik Potchefstroom betrokke was, het opdrag gekry om 'n proklamasie by J.P. Borrius op Potchefstroom te laat druk. Vierhonderd gewillige burgers het hom daarheen vergesel.

Die vorige dag, 12 Desember 1880, het luitenant-kolonel R.W.C. Winsloe met sy troepe op Potchefstroom aangekom.[42] Die inwoners het gevrees dat die troepe vir Cronjé en Bezuidenhout sou vang. Om te verhinder dat Cronjé se magte die dorp inkom, het die regering gewapende burgers verbied om deur die dorp te ry en die gemoedere op te sweep. Hulle kon nie nader as een myl van 'n dorp kom nie. Verder het kaptein Raaff sy konstabels tot ses-en-twintig vermeerder en hulle gebruik om wag te staan by die drosdy, 'n langwerpige grasdakgebou met drie deure en vier skuifraamvensters wat op die straat uitkyk.

Alle ammunisie in besit van handelaars is na die magasyn met sy eenvoudige ysterdeur wat later vol gate geskiet sou word, verwyder. Majoor Clarke het maatreëls getref vir die veiligheid van die vroue en kinders, wat hy aangeraai het om vir beskerming na die "Dutch Church" oorkant die drosdy te gaan. Daardie kerk is in 1866 voltooi en het die ou kruisvormige kerk vervang wat deur Andrew en John Murray ingewy is. Die ou kerk het ongeveer 400 sitplekke gehad voordat dit as skoolgebou gebruik is. Dit was die eerste kerkgebou in Transvaal en het op die noordoostelike hoek van Kerkplein gestaan. Die aangrensende markplein wat net soggens gebruik is, het vir die res van die dag vir die redakteur van die *Transvaal Advocate* gelyk soos 'n plek "where no man comes, or hath come since the making of the world"[43].

Toe majoor Clarke van die aankoms van kommandant Cronjé se manskappe hoor, het hy Winsloe versoek om twintig man te stuur om die drosdy te beset en twintig om die tronk te beman. Intussen het groepe gewapende Boere uit verskillende rigtings die dorp met Kerkstraat langs binnegekom, die pers beset en wagte uitgesit. Potchefstroom was in rep en roer soos die strate stofgetrap en die watervore byna leeggedrink is deur dorstige diere. Clarke het dadelik twee pogings aangewend om met die Boereleiers te onderhandel, maar sonder sukses. Dus stuur hy die landdrosklerk om Borrius te waarsku dat hy verantwoordelik gehou sou word vir enige "seditious document" wat hy publiseer.[44] Borrius het nie gehoor gegee nie. Met slegs een helper het hy die onafhanklikheidsproklamasie gedruk. Daarvoor moes hy dag en nag werk en later selfs 'n staatskoerant namens die Boere druk tot ander reëlings getref kon word. Borrius is in Amsterdam gebore en het in 1861 op Potchefstroom aangekom en in diens getree by *De Oude Emigrant* wat saam met die *Staats Courant* uitgegee is. Na 1864 het hy sy eie drukkery begin en die drukwerk van die *Transvaal Argus* en die *Transvaal Advocate* gedoen. Later het hy drukker en uitgewer van die *Potchefstromer* of *De Transvaal Nieuws en Advertenzieblad* geword.

Die Boere het die strate gepatrolleer om die Engelse te verhinder om Borrius te molesteer, maar geen aanvalle is op die troepe gemaak nie. Die troepe het op bevel van Clarke stilgesit, maar hy het 'n waarskuwing aan die gewapende burgers gerig: "I hereby give notice that should these men fire on, or otherwise attack positions, now occupied by Her Majesty's troops and the loyal inhabitants, the attack will be met by cannon and other fire ..."[45].

Die fort wat deur die Engelse beset is, wat slegs omtrent vyf-en-twintig treë in die vierkant binne en was nog nie voltooi toe Winsloe met sy manskappe

39. TAB, S.S. 492: R.5296/80 Brief d.d. Pretoria, 14.11.1880.
40. TAB, S.S. 492: R.5296/80 Brief d.d. Potchefstroom, 11.11.1880, en R.5290/80 Brief d.d. Potchefstroom, 13.11.1880.
41. TAB, S.S. 492: R.5296/80 Rapport d.d. Potchefstroom, 19.11.1880, en S.S. 516: R.540/81 Rapport van Clark, 2.4.1881.
42. R.W.C. WINSLOE, *The siege of Potchefstroom* (s.p., s.j.), p. 4.
43. *Transvaal Advocate*, 14.6.1873.
44. TAB, S.S. 516: R.540/71 Rapport van Clarke, 2.4.1881.
45. TAB, Landdros Potchefstroom, Band 8: Kennisgewing, 15.12.1880.



*Gedurende 1880/1 het die Britse magte onder lt.-kol. R.W.C. Winsloe hulle in hierdie fort op Potchefstroom verskans.*
FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

aangekom het nie. Daar was 322 persone in die Engelse laer, insluitende een-en-twintig vroue en kinders wat op 16 Desember vir beskerming na die kamp gevlug het. Die trekdiere en die perde is in 'n klein kampie daar naby aangehou.[46]

## DIE EERSTE SKOTE KLAP

Die twee groepe was gereed vir vyandelikhede, maar hulle kon later nie besluit wie die eerste skoot gevuur het nie. Volgens Winsloe het tien gewapende burgers omtrent 150 tree van die kamp verby beweeg — moontlik met die doel om die vyand te bespied. "This was going a bit too far"[47], en daarom is 'n paar berede manskappe gestuur om hulle te waarsku dat 'n patrollie nie so naby die kamp toegelaat sou word nie. Toe die Boere die infanterie sien naderkom, het hulle omgedraai en op 'n drafstap weggery. Die Engelse het hulle tot by die eerste straat agtervolg, toe daar van "agter 'n nabygeleë muur" op die Engelse gevuur is. Die Boere, daarenteen, beweer dat die skoot uit die Engelse kamp gekom het. Omtrent 'n dosyn skote het geval voordat die Engelse na die kamp geretireer het. Toe het hulle reeds een van die Boere gewond.

Kommandant Piet Cronjé beskuldig die Engelse dat hulle eerste gevuur het op 'n aantal manskappe onder kommandant Frans Robbertse wat in die rigting van die plein beweeg het. 'n Groepie Engelse perderuiters het uit die kamp gestorm en begin skiet. Dit was eers nadat hy berig ontvang het dat Robbertse in die arm naby die elmboog gewond is, dat Cronjé sy burgers opdrag gegee het om terug te skiet. Weens die aanval het die Boere 'n aanval op die Engelse kamp van die kant van dr. B. Poortman se huis geloods.[48] Hierdie mediese pionier van Transvaal, 'n Nederlander van geboorte, het na heelwat omswerwing sedert hy in 1839 in Kaapstad aangekom het, van 1858 af permanent in Potchefstroom gewoon. Tydens die aanval het 'n kanonskoot sy huis getref en baie beskadig.

'n Ander aanval is vanaf omliggende geboue gemaak op die drosdy wat deur ses-en-dertig manskappe bewaak is. Nadat kaptein A.L. Falls vroeg die oggend van 17 Desember gesneuwel het, is die aanval van die stalle af geloods. Fakkels wat op die dak gegooi is, het afgerol sodat die gebou nie aan die brand geslaan het nie. Nadat die mure, deure en vensters vol gate geskiet is, het majoor Clarke op 18 Desember onvoorwaardelik oorgegee. Lt.-kol. Winsloe het die akte van oorgawe egter nie aanvaar nie en vyandelikhede vanuit die fort voortgesit. Op daardie dag is die republikeinse vlag weer bokant die drosdy gehys.[49]

46. WINSLOE, *op. cit.*, pp. 7-9.
47. *Ibid.*, pp. 6-7.
48. TAB, Aanwins A. 14 Genl. P.J. Joubert-versameling: no. 2473 Brief van Cronjé, 20.12.1880.
49. *Ibid.*

## DIE BELEG VAN DIE FORT

Tot 20 Desember is een burger, Pieter van Vuuren, gedood en drie burgers lig gewond. Die aanval is toe op die fort toegespits. Tydens die beleg van die fort het Cronjé versterkings na die gevegte op ander fronte gestuur en beslag gelê op die ammunisie in Klerksdorp en Ventersdorp. Die fort is nie bestorm nie, want hy het gehoop dat die vyand weens 'n tekort aan voedsel en water spoedig sou oorgee. Hierin het hy hom deeglik vergis, want tot na die slag by Amajuba op 27 Februarie 1881 het Winsloe sy stelling behou. Op 2 Maart verduidelik Cronjé aan generaal Joubert dat verraaiers nie kos in die kamp, wat omsingel is, kan indra nie. "Ook kan geen man ... zijn kop of hoed uitsteken of die kogel is voor hem daar". Daarom het hy die hoop uitgespreek dat die generaal nie sou dink "dat er rondom het kamp door jufrouwen enz. gewandelt wordt"[50].

Cronjé het verwag om die Boere se fort agter die Engelse kamp binne twee dae te voltooi, en dan sou hy met behulp van kanonne "proberen de vijand van achter en voren te mokeren zoo goed als wij kunnen" om die fort tot oorgawe te dwing.[51]

Ongelukkig het Cronjé nie geweet van die probleme wat die Engelse in die fort ondervind nie. Hulle het nie die vaagste aanduiding van hulle benarde posisie gegee deur die tradisionele brood oor die skanse te gooi nie. Aanvanklik het verskeie faktore die kamp bevoordeel. Nadat die drosdy beset is, het die Boere tot verligting van die Engelse die aanval op die fort baie gou gestaak. Die kanonne in die fort wat aan kleingeweervuur blootgestel was, kon dadelik beter beskerm word. Toe die Boere boonop versuim om die fort te bestorm, is die vesting versterk met sandsakke wat van tentseil gemaak is. Die werk is egter baie bemoeilik deur reent en koeëls wat die sakke laat vrot en die sand laat uitbars het.

Water was die beleërdes se grootste probleem. Toe die watervoor afgekeer is deur die Boere, is besluit om 'n put te grawe. Op nege meter (dertig voet) was die water nog so swak dat hulle slegs 40 liter (nege gelling) per dag daaruit kon haal, en boonop was dit dik van die modder. Drie nagte lank het hulle onder gewapende geleide die waterkarre geneem en by die voor gaan water haal. Die posisie het egter so gevaarlik geword dat daarmee nie langer aangehou kon word nie. Op 19 Desember het dit gereent en die water wat in die put versamel het, het tot 21 Desember gehou. Eindelik was hulle verplig om die diere los te laat en die Boere het dadelik daarop beslag gelê. Op 21 Desember het dit weer gereent en die watervoorraad het drie dae gehou. Winsloe het toe 'n prys uitgeloof aan die een wat 'n put sou grawe en water kry. Hulle slaag toe om sterk water op 4,5 meter (vyftien voet) te kry.

Die mielies en sorghum vir die perde is deur die mense gebruik en dit is later deur groenmielies wat in die kampie begin groei het, aangevul. Die troepe kon sien hoe die koppe daagliks voor hulle oë groter word, maar hierdie voordeel is oorskadu deur die grootte van die kamp. Die mense wat in so 'n klein plekkie saamgehok was, het groot ongerief verduur. Daar was nie behoorlike was- en toiletgeriewe vir so baie nie, om nie eens te praat van die vele wat weens die talle vlieë aan disenterie en diarree begin ly het nie — dit was regtig onverkwiklik. Gewondes het aan gangreen gesterf, terwyl die vyand se koeëls die tente vol gate geskiet en



*Die landdroskantoor op Potchefstroom kort na afloop van die Eerste Vryheidsoorlog met koeëlmerke wat duidelike letsels daarop gelaat het.*

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

50. *Ibid.*: no. 2481 Brief van Cronjé, 21.3.1881.
51. *Ibid.*



*Die landdroskantoor nadat herstelwerk daaraan gedoen is.*

FOTO: TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA

die reent daardeur ingestroom het. Die hout het gou opgeraak, want Potchefstroom het sedert sy stigting 'n chroniese gebrek aan brandhout gehad. Gevolglik is die waens stukkend gekap om vuur te maak. Tot oormaat van ramp het die troepe in die beperkte ruimte vergaan van verveling — en 'n gebrek aan rookgoed.[52]

## VREDE EN VOORWAARDES

Nadat die Britse troepe tot die uiterste beproef is, het Winsloe eindelik besef dat dit nutteloos was om die fort langer te hou. Op 18 Maart 1881, terwyl die Boere nog die kamp bestook het, het die wit vlag bokant die skanse verskyn. Daarna het Cronjé 'n plek van samekoms tussen die Engelse kamp en die Boereskanse aangewys. Vyandelikhede is gestaak en alle militêre posisies het beset gebly terwyl die onderhandelings aan die gang was in 'n tent wat daarvoor opgeslaan is. Die besprekings het tot 21 Maart geduur en 'n lang ooreenkoms van tien hoofpunte is onderteken. Daardie aand is die Engelse offisiere feestelik deur Cronjé onthaal. Tydens dié geleentheid het die Engelse hulle waardering uitgespreek jeens die Boere vir hulle vriendelikheid en beleefdheid.[53]

Dit was eers twee dae later dat die vermoeide troepe uit die kamp kon kom. Op daardie dag, 23 Maart om 12h00, is 'n menigte gewapende burgers wat by die watervoor naby die kamp vergader het in orde opgestel. Nuuskieriges het opgedaag. Winsloe het sy manskappe uit die kamp laat marsjeer om hulle wapens neer te lê. Hierop het die burgers die troepe deur die dorp geleide gedoen tot anderkant die brug oor die rivier. Daar het hulle oornag en die volgende dag onder begeleiding van kommandant J. Wolmarans na die Vrystaatse grens vertrek.

'n Algemene wapenstilstand is reeds op 5 Maart 1881, lank voor Winsloe se oorgawe, met die Engelse aangegaan. Op 21 Maart is besluit dat die land voorlopig onder die Engelse bewind sou bly. Die ooreenkoms is aan Potchefstroom meegedeel deur generaal Joubert wat op 1 April deur Cronjé en sewentig ruiters buite die dorp ontmoet en na die vergaderplek begelei is. Talle persone was ontevrede oor die vredesvoorwaardes en wou die stryd voortsit. Joubert het hulle versoek om kalm te bly en hulle bedank vir hulle ywer in belang van die onafhanklikheid van die land. Met so 'n bietjie heuning om die mond het almal hom toegejuig. Daardie aand het Boere en Engelse die drinkplekke besoek en die einde van die oorlog gevier.

Maar wat het Transvalers eintlik gekry? "Transvaal State", wat die naam Zuid-Afrikaansche Republiek nie teruggekry het nie, het wel selfbestuur gekry. Sy buitelandse sake en beleid sou egter onder Britse toesig bly. Dit het, in die woorde van sir Evelyn Wood, op die volgende neergekom: "The country has entire self-government as regards its own affairs, but that it cannot take action against or with an outside power without the permission of the Suzerain"[54]. Op die keper beskou, het dit letterlik daarop neergekom dat Shepstone se anneksasievoorwaardes wat nie nagekom is nie, voortaan toegepas sou word. Die Pretoria-konvensie is op 3 Augustus 1881 onderteken en later deur die Volksraad met swaar harte bekragtig. Die oorlog en die houding van die Kaapse parlement het blykbaar net verhinder dat die federale grondwet voltooi sou word en veroorsaak dat 'n hele klomp lastige beperkings op Transvaal gelê is. Maar hoekom het die Volksraad die voorwaardes ten spyte van die skitterende veldslae met swaar harte aanvaar? Was hulle ewe skielik bang vir Brittanje, of het hulle besef dat 'n verenigde Suid-Afrika onafwendbaar is? ■

52. WINSLOE, *op. cit.*, p. 7.
53. *Ibid.*, pp. 9-25; TAB, Aanwins A. 14 Genl. P.J. Joubert-versameling: no. 2484 Brief van Cronjé, 21.3.1881.
54. VAN DER WALT, WIID en GEYER, *op. cit.*, p. 317.